

Publication: BeeldMetroNoord (Main)
Publication Date: 13 Dec 2017

Date: C

AVE: 24192.81 Circulation: 45000

Part: 1 of 1

Sport

Dit gaan nie net oor stoei nie

Wilhelm de Swardt

eanco Stans glo dat vroue daartoe in staat is om enigeiets beter as mans te doen.

Dit is dan ook een van die redes waarom sy stoei.

Moenie dink die 20-jarige Tuks stoeier is *butch* nie.

Sy is net van nature aangetrokke tot ware uitdagings en sy het beslis talent.

Dit is nie sommer enigeen wat 'n beurs van die internasionale stoeiliggaam, Verenigde Wêreldstoei (UWW), kry om vir ses maande saam met die bestes in Finland te oefen nie.

Hopelik gaan die nuwe tegnieke en raad Stans die naweek help om vir aanstaande jaar se Statebondspele in Australië te kwalifiseer wanneer sy aan die Statebond-stoeitoernooi by Carnival City deelneem. Stoeiers van Kanada, Engeland, Wallis, Australië, Nieu-Seeland en Nigerië sal in aksie wees.


Stans erken sy sal behoorlik moet kophou as sy haarself op die mat wil laat geld – verskeie topstoeiers neem in haar 0.66 kggewigsafdeling deel.

Tayla Ford (Nieu-Seeland) het op die 2014-Statebondspele in Glasgow 'n bronsmedalje gewen en het verlede jaar ook aan die Olimpiese Spele deelgeneem.

Die Tuks-stoeier meen sy sal ook stoeiers van Australië en Nigerië op die mat moet uitoorlê as sy tot die eindronde wil deurdring.

Terwyl Stans oor stoei praat, raak dit duidelik dat die ses maande wat sy in Finland was, haar selfvertroue 'n hupstoot gegee het.

"Die hele idee met die beurs is om die standaard van vrouestoei in Statebondlande te verbe-



Die Tuks-stoeier, Leanco Stans, is deur die internasionale stoeiliggaam, Verenigde Wêreldstoei (UWW), gekies om vir ses maande saam met die beste stoeier in Finland te oefen.

ter. Dit was ongelooflik om saam met van die beste stoeiers te oefen en van goeie afrigters raad te kry hoe om dinge reg te doen.

"Die probleem in Suid-Afrika is dat daar op enige gegewe tyd kwalik meer as tien vrouestoeiers is. In Finland was daar elke dag meer as 12 vrouestoeiers op die mat, elk met dieselfde doelwit – om die beste te wees.

So dit kon nie anders nie; jy

moes verbeter."

Ford was ook in Finland en Stans beskryf haar as 'n ware "tier" op die mat.

"Een van die belangrikste lesse wat ek geleer het, is om nie opgewerk te raak oor my teenstanders se reputasies nie. Al wat saak maak, is dat ek my bes doen," se Stans.

Sy het Suid-Afrika in 2014 op die Olimpiese Jeugspele in China verteenwoordig.

Vroeër vanjaar het sy 'n bronsmedalje op die Afrika-juniorbyeenkoms in Marokko gewen.

In 'n poging om 'n beter stoeier te word het Stans ook begin om Brasiliese jujitsu te doen.

In dié sport word baie klem daarop gelê dat 'n kleiner en swakker deelnemer 'n groter teenstander kan klop as die regte

tegniek gebruik word.

Stans se haar vriendinne het nog nie mooi vat aan die idee gekry dat vroue kan stoei nie.

"Hulle weet net nie wat hulle misloop nie. Stoei is nie net 'n goeie manier om jouself te verdedig nie; dit leer jou ook waaroor dissipline gaan.

"Ek kan eerlik sê dat my deelname as stoeier van my 'n beter mens gemaak het."



